# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 | **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers | **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 18 September 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

FOKUSTYD: Stap saam met Jesus oor grense na verlore mense.

**WEEK 4 : Hoe praat ek met iemand oor Jesus?**

Ons gaan in die komende week se daaglikse Bybelstudieriglyne fokus op ons gesprek met mense oor God en oor hulle geloof. Hoe voer ‘n mens so ‘n gesprek en waaroor praat jy?

God se vraag aan Adam in Genesis 3: 9 “Waar is jy?” vat op ‘n manier die hele boodskap van die Bybel saam naamlik dat God verlore mense opsoek en red!  Hierdie gesprek van God met Adam en Eva stel die grondbeginsels vir ons gesprek met mense vas en ons kan baie leer oor hoe ons met mense kan praat oor God.

God het presies geweet waar Adam en Eva is. Hy roep na hulle sodat hulle kan agterkom waar hulle is! Hulle is weg van God! Hoekom? Vanweë hulle sonde! Hulle het weggekruip omdat hulle skaam was oor hulle sonde! Hulle sonde het hulle verhouding met God en met mekaar geskaad.
So het God my en jou ook na Hom toe geroep! Ons geniet die wonder van vergifnis en ‘n herstelde verhouding met God deur Jesus Christus. Daarvan is die brood en wyn vanmore sigbare tekens wat God ons gee tot versterking van ons geloof!

God se vraag “Waar is jy?” gee dus ook die motief vir my en jou opdrag om met mense wat nie in God glo nie, te praat. God se vraag is immers die grootste genade-aanbod van alle tye aan die verlore mens! God roep mense terug in ‘n verhouding met Hom en bied aan mense die genade van vergifnis! Vergifnis wat deur Jesus Christus vir ons bewerk is!

Nou kan ek en jy ook vir ons medemens vra: Waar is jy in jou verhouding met God? Kan ek jou vertel van die genade wat ek ontvang het? God bied dit ook vir jou aan!

**Tema: God roep na en red verlore mense!**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Lied 199: 1, 3 en Lied 203: 1, 3

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps 73 - 1: 1, 10; Votum; Seën; Loflied Ps 146 - 1: 1, 5, 6; Geloofsbelydenis: 12 Artikels

**Ons verootmoedig ons voor God**
Eerste deel van Nagmaalsformulier met aksente van Calvyn; Wet uit Eks 20; Sing: Ps 25 - 1: 3, 4; Gebed;

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Genesis 3: 1 - 21;
Teksverse: Genesis 3: 9 en 21;
Woordverkondiging; Sing na die preek
Ps 103 - 1: 1 (Staande);

**Sakramentbediening**
Tweede deel van Nagmaalsformulier; Sing Sb 17 - 3: 1, 2; Nagmaalbediening;

**Ons antwoord op die Woord- en Sakramentbediening**
Sing aan tafel: Ps 116 - 1: 1, 2, 3, 7; Gebed aan tafel; Sing Ps 107 - 2: 1, 3 (Tweede mel); Seën; Amenlied: Sb 13-3.

Liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en Teologiese skool: Publikasies (Klein boks).

**GROEPBEDIENING**

Soos gereël in groepe.

**MEELEWING**

- Wouter van der Spoel se skoueroperasie het goed afgeloop en hy sterk tuis aan.
- Elize Abrie se skoonma is oorlede, dus ook Johan en Elsa Coetzee se skoonsuster.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

**ONS VERWELKOM VIR**

- AJ en Carma van Niekerk wat met attestaat vanaf GK Potchefstroom by ons aansluit. Hulle woon in Fickhuis nr 2, HTS, Groep 29.
- Henrico en Sanet Heystek met Rico en Daniël wat met attestaat van GK Potchefstroom Die Bult by ons aansluit. Hulle woon in Arie Jonas str. 20, Groep 33.
- Sydney Eckley wat vanaf NG Kerk Die Bult in die GKSA opgeneem word. Hy woon in Molen str.95, Groep 26.

**ONS GROET**

Francois, René, Lilly-Ann en Anna-Belle Watson wat gemeenskap met die GKSA opsê.

**ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID**

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis en Annetjie Vermeulen.

**BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK**

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens: Nagmaal
Tee, koffie en kuier
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie

12:00 Nagmaalete
Groepbediening

**Dinsdag**
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
17:15 Katkisasie gr 8
18:00 Katkisasie gr 11 - Kinderfeesopleiding

**Woensdag**
17:15 Katkisasie Gr 9
18:00 Katkisasie Gr 10

**Saterdag**
09:00 - 12:00 Kinderfeesopleiding

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks – Zapper betaal-metode beskikbaar) en Teologieseskool: Publikasies (Klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir GKSA: Sustentasie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 24 en 25.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 18 September**
Br Martin Bester

**Maandag, 19 September**
Jsr Katrien Haasbroek

**Dinsdag, 20 September**
Sr Hyla Alberts
Br Wikus v Niekerk

**Woensdag, 21 September**
Br Dries Schutte *

**Donderdag, 22 September**
Br Orrie Oosthuizen

**Vrydag, 23 September**
Sr Melanie Crause
Br Danie de Klerk
Sr Marianne Kruger

**Saterdag, 24 September**
Sr Gretha Joubert
Br Willie Pieters
Sr Carolina Sharpley

* Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## KINDERFEES OPLEIDING - eerskomende Saterdag

Al die Belydenisklas-katkisante (Gr 11), ander jongmense en volwassenes wat met die Kinderfees gaan help moet asb onthou van ons opleiding- en voorbereidingsessie eerskomende Saterdag, 24 Sept, van 09:00 tot 12:00.

## KERSSANGDIENS 2022 – Gemeentekoor - reëlings

AANDAG: Alle sangers!
Dankie vir die reaksie wat ons sovêr vir die Kerssangdiens-sanggroep ontvang het! Indien jy vergeet het, kan jy steeds jou naam (en stemgroep) vir Kobus laat weet. Die volgende belangrike inligting is vir jou aandag:
Repetisies telkens van 16:00 - 17:30:
- Sondag 25 Sept
- Sondae 23 en 30 Okt, 6 en 13 Nov
- Sondag 20 Nov - Voorbereiding vanaf 15:30
- Kerssangdiens 18:00

Musiek:
- Die koor gaan die musiek ontvang by die eerste repetisie op 25 September om 16:00 - 17:30.
- Hierdie musiek en die nodige hulpmiddels gaan ook elektronies beskikbaar wees.
- Koorlede gaan als ontvang om musiek tuis in te studeer.
- Met die repetisies vanaf 23 Okt. sit ons dan alles bymekaar.

Groete
Kobus - 072 375 0052

## DAGSTUKKIES OM NA TE LUISTER OP WHATSAPP

Ons stuur deur die kerkkantoor weekliks opgeneemde dagstukkies uit wat deur ds Daan Bakker opgeneem word vir mense om na te luister. Indien jy ook die opname oor WhatsApp wil ontvang, kontak met Adele by die kerkkantoor.

## HULP MET DIE HANTERING VAN ROUPROSES ("GRIEFSHARE")

Ons het reeds met groot dankbaarheid teenoor die Here drie siklusse van die "Griefshare"-program aangebied. Baie deelnemers getuig dat hierdie Bybelgefundeerde program hulle baie help met die rouproses. Elkeen se rouproses is uniek en die program spreek 'n wye verskeidenheid geestelike, emosionele en praktiese probleme aan.

Die vrywillige, onderlinge deel van deelnemers se verskillende ervarings bied 'n beskermde omgewing waar mens oor jou seer kan praat en hierdie gesprekke dra baie by tot 'n gesonde deurwerk van jou rouproses.

Ons beplan om vanaf **Donderdag, 13 Oktober,** die volgende siklus van 13 weke te begin. Enige iemand (binne of buite) die gemeente wat hierby kan baat vind, kan met ds Piet of Carina Coetzee skakel.

## HUIS HEBRON: SKENKINGS

Inwoners van Huis Hebron het 'n behoefte aan toiletware vir dames. Groep 30 is besig om vir hulle 'n insameling te hou. Ons moedig lidmate aan om toiletware hiervoor by te dra. Gee gerus jou skenking af by Anna Smith of die kerkkantoor.

## GKSA-NUUS

Beroep aanvaar
Ds DJ (Dirk) de Bruyn van GK Middelburg, Oos-Kaap, na GK Mosselbaai as medeleraar.

## KENNISGEWINGBORD

- Groenwilgers Aftree-oord: Woonstel te huur - onmiddellik beskikbaar. Skakel Pieter Bredenkamp (082 879 7507).
- Witrand Hospitaal: Oop harte en hande

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

---

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 /
082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

---

### BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138
Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID




Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Sonette Turkstra en groep 5, Estelle v Hamburg en groep 13, Rolene vd Walt en groep 23, asook Engela vd Walt en groep 31.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**



## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KANSA-PROJEK

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing “KANSA”.

## NAGMAALETE: DANKIE


Baie dankie aan Ment Larney, Estelle van Hamburg en die susters van Blok C vir ‘n heerlike nagmaalete wat vandag voorgesit word!

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **Jul-Des** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| 3-7 Okt | Ma – Vry | 11:00 | Almal | Kinderfees |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!





# OOSDOPPERTJIES



## DIE LIEFDE volgens die Bybel

### Wat het Johannes oor die liefde gesê?

Lees die verse en antwoord die vrae.

**1. Lees Johannes 13:14.**
Wat beveel Jesus ons om te doen?

**2. Lees 1 Johannes 4:7.**
Van wie kom die liefde af?

**3. Lees 1 Johannes 4:9.**
Hoe het God sy liefde vir ons gewys?

**4. Lees 1 Johannes 4:11.**
Hoekom moet ons vir mekaar lief wees?

### Hoe weet ons dat God ons liefhet?

Voltooi die teksvers deur die letter neer te skryf wat by die prentjie pas.
Lees Johannes 3:16 om te sien of jy al die letters reggekry het.

d e h m r t y

Go_ ___ _i_ wê__l_ so li_fg__a_
_a_ H_ s_ _nigs__ S_un g_g__ ___,
so_a_ _i_ wa_ in Ho_ glo,
ni_ v__lo__ sal gaan ni_
_aa_ _i_ _wig_ l_w_ sal _ê.